

Jaarverslag Annual Report



Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling
Centre for Student Counselling and Development

2011



Jaarverslag Annual Report

Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling
Centre for Student Counselling and Development

2011



Voorwoord



Hoewel vanjaar, soos elke jaar, **besondere uitdagings** ingehou het, het ons doelbewus besluit om weer na 'n selfs hoër versnelling op te rat, en het ons gevoglik sterk kollegiale ondersteuning aan mekaar gebied. Ons het veral gefokus op die **welwees van ons personeel** en kreatiewe, proaktiewe aksies om steeds **gesog, relevant** en **effektief** te bly.

My oorheersende gevoel is **weereens ongelooflike dankbaarheid** – teenoor 'n puik en toegegewye personeel; 'n topbestuur wat ons daadwerklik ondersteun en vertrou, 'n lynbestuurder wat ons die ruimte gee om te wees wat ons móét wees en te groei, en kolgas en studente vir uitmuntende ondersteuning en samewerking.

Ons het besluit om 2011 se strategiese fokuspunte en innovasieprojekte ook vir 2012 as rigtingwysers te gebruik, omdat ons glo ons het meer tyd nodig om volledig daaraan aandag te skenk. Ons het egter twee bygevoeg (sien nr. 6 by strategiese fokuspunte en nr. 4 by innovasieprojekte).

Ons **fokus- en innovasieprojekte** vir 2012 sluit dus die volgende in:

1. Strategiese fokuspunte 2012

1.	Omskrywing van beste praktyke vir studentevoortligting en -ontwikkeling, en die instel van sowel nasionale as internasionale riglyne
2.	Meting en verbetering van die impak en kostedoeltreffendheid van ons dienste
3.	Venootskapsontwikkeling en dienskoördinering
4.	Gesamentlike diversiteitsbou en -aanvaarding
5.	Handhawing van die huidige, sowel as 'n ondersoek na nuwe, derdestroom-inkomstebronne
6.	Personnel se welwees as ons meta-fokus vir 2012

2. Innovasieprojekte 2012

1.	'n Klem op dienste aan nie-kampus- en nagraadse studente
2.	Begrip en bevordering van emosionele intelligensie en studentesukkses
3.	Welwees en studentesukkses
4.	Inwerkingstelling van SAACDHE en Golden Key se nuwe werkswinkels

Ek glo dat ons die nuwe uitdagings wat in 2012 op ons wag, saam sal kan hanteer.

Teen die bogenoemde agtergrond is dit ons voorreg om die jaarverslag van 2011 aan u voor te hou. Ons vertrou dat dit tot steeds sterker venootskappe sal lei en nooi u vriendelik om vir enige navrae of kommentaar met ons in verbinding te tree.

A handwritten signature in black ink, appearing to read "CD Cilliers".

Prof CD Cilliers
Direkteur
Desember 2011

Preface



Although the past year, like every year, also held **particular challenges**, we have taken a conscious decision to gear up even more and have consequently pledged our very strong collegial support to one another. We especially focussed on the **wellness of our staff** and creative and pro-active actions to remain **sought after, relevant and effective**.

My prevailing feeling is **once again** one of **tremendous gratitude** – to an excellent and dedicated staff, to a top management that actively supports and trusts us, to a line manager who gives us the space to be what we should be and to grow, and to colleagues and students for outstanding support and cooperation.

We have also taken a decision to use the strategic focal points and innovation projects of 2011 as direction markers for 2012, since we feel that we need more time to give these matters the attention they deserve. However, we added two (see no. 6 under strategic focal points and no. 4 under innovation projects).

Therefore, our **strategic focal points and innovation projects** for 2011 include the following:

1. Strategic focal points 2012

1.	Defining best practices for student counselling and development, and introducing both national and international guidelines
2.	Measuring and improving the impact and cost effectiveness of our services
3.	Developing partnerships and service coordination
4.	Collectively building diversity and strengthening acceptance of diversity
5.	Maintaining current and finding new sources of third-stream income
6.	Staff wellness as our meta focus for 2012

Innovation projects 2012

1.	Emphasising services to both off-campus and postgraduate students
2.	Obtaining greater insight into and promoting emotional intelligence and student success
3.	Wellness and student success
4.	Operationalising the new SAACDHE and Golden Key workshops

I believe that, together, we will be able to meet the new challenges that 2012 may bring.

Against this background, it is **our privilege** to present our 2011 annual report to you. We trust that it will lead to ever greater partnerships. We kindly invite you to contact us with **any enquiries or comments**.

A handwritten signature in black ink.

Prof CD Cilliers
Director
December 2011

Inhoudsopgawe

1.	Oorhoofste perspektiewe uit die Direkteur se kantoor	7
1.1	Inleiding	7
1.2	Vernaamste bestuursaksies en inisiatiewe in 2011 geïmplementeer	7
1.2.2	Provinsiaal	12
1.2.3	Nasionaal	12
1.2.4	Internasional	12
1.3	Evaluering van funksionering in 2011 (en 'n vergelyking van die laaste twaalf jaar: 2000-2011)	12
1.4	Enkele uitdagings en prioriteite vir 2012 (en tot 2014)	15
2.	Vision, mission and core values of the CSCD	16
2.1	Vision	16
2.2	Mission	16
2.3	Core values	16
3.	Objectives and functions of the CSCD	16
3.1	Objectives	16
3.2	Functions	16
4.	Personeel (Samestelling in 2011)	17
4.1	Afdeling vir Akademiese Voorligting en Loopbaanontwikkeling	17
4.2	Afdeling vir Terapie en Persoonlike Ontwikkeling	17
4.3	Algemene inligting	18
5.	Dienslewering	18
5.1	Statistiek (vir die periode 2011/01/01 tot 2011/11/30 vir alle fakulteite)	18
5.1.1	Verspreiding van SSVO-kliëntepopulasie gedurende 2011	18
5.1.1.2	Getal sessies bestee per SSVO-aktiwiteit	18
5.1.1.3	Verspreiding van tipe dienste gelewer deur onderskeie SSVO-afdelings	19
5.1.1.4	Aanmeldingsprobleme hanteer deur die Afdeling vir Terapie en Persoonlike Ontwikkeling	19
5.1.1.5	Verspreiding van kliënte volgens fakulteite	20
5.1.1.6	Verspreiding van kliënte volgens jaargroepe	21
5.1.1.7	Verspreiding van kliënte volgens verblyf	21
5.1.1.8	Verspreiding van kliënte volgens geslag	22
5.1.1.9	Verspreiding van kliënte volgens ouderdom	22
5.1.1.10	Verspreiding van kliënte volgens ras	23
5.1.1.11	Verspreiding van kliënte volgens huistaal	23
5.1.2	Temas van en getalle ten opsigte van ontwikkelings-werkswinkels	24
5.1.3	Kliënte se evaluering van dienste	24
5.1.3.1	Individuele dienste: Afdeling vir Akademiese Voorligting en Loopbaanontwikkeling	24
5.1.3.2	Afdeling vir Terapie en Persoonlike Ontwikkeling	25
5.1.4	'n Samevattende vergelyking van fasette van die statistiek van 2008 tot 2011	33
5.1.4.1	Totale getal kliënte deur SSVO gediens	33

5.1.4.2	Vergelyking van die kliëntepopulasie in terme van breë groeperingsdienste gelewer.	34
5.1.4.3	Verspreiding van kliente volgens jaargroepe	34
5.1.4.4	Vergelyking van getal sessies hanteer deur die Afdeling vir Akademiese Voorligting en Loopbaanontwikkeling en die Afdeling vir Terapie en Persoonlike Ontwikkeling	35
5.1.4.5	Verspreiding van kliënte volgens fakulteite	36
5.1.4.6	Verspreiding van kliënte volgens ras	36
5.1.4.7	Kliënte se evaluering van ontwikkelingswerkwinkels	37
5.1.4.8	Kliënte se evaluering van individuele dienste van die Afdeling vir Akademiese Voorligting en Loopbaanontwikkeling	38
5.1.5	Opsomming van statistiese gegewens	38
5.2	Die Loopbanekantoor (LK)	39
5.2.1	Doelstellings van die personeel van die Loopbanekantoor	39
5.2.2	Opsomming van 2011 se dienste:	39
5.3	Office for Students with Special Learning Needs (Disabilities) (OSSLN)	40
5.3.1	Introduction	40
5.3.2	Summary of events	40
5.3.2.1	Welcome session for first-year students with special learning needs	40
5.3.2.2	Sign Language classes	40
5.3.2.3	Stellenbosch University expands Braille facilities for visually impaired students	41
5.3.2.4	Open day	41
5.3.2.5	Information sessions/workshops	41
5.3.2.6	Casual Day	41
5.3.2.7	Higher Education Disability Services Association	41
5.3.3	Concessions and support: 2011 statistics	41
5.3.4	Braille Office: Number of students using text conversion services	43
5.3.5	Core funders and supporters	43
5.4	Kantoor vir Akademiese Voorligting en Ontwikkeling (KAVO)	43
5.4.1	Visie	43
5.4.2	Doelwitte	43
5.4.3	Dienste gelewer in 2011	43
5.5	Mentors	44
5.6	Konsultasiedienste	45
5.6.1	Konsultasiedienste op die kampus	45
5.6.2	Konsultasiedienste buite US-verband	45
5.7	Betrokkenheid by komitees	45
5.7.1	Komitees op die kampus	45
5.7.2	Komitees buite US-verband	46
5.8	Ander dienslewering op die kampus	46
6.	Opleiding	47
6.1	Voortgesette opleiding van personeel	47
6.1.1	Multidissiplinêre gevallebesprekings	47
6.1.2	Forum-aanbiedings	51
6.1.3	Deelname aan Opleidingskursusse	52
6.1.4	Bywoning van Werksessies	52
6.2	Opleidingsprogram vir intern-sielkundiges 2011	52
6.2.1	Internskap in Opvoedkundige Sielkunde	52

6.2.2	Internskap in Kliniese Sielkunde	53
6.3	Opleiding by Akademiese Departemente	53
7.	Navorsing	53
7.1	Lopende ad hoc-navorsingsprojekte deur die SSVO self geïnisieer	53
7.2	Lopende formele navorsingsprojekte by akademiese departemente	53
7.2.1	Magisterprojekte tans op gang	53
7.3	Ander	54
7.4	Afgehandelde formele navorsingsprojekte by akademiese departemente	54
7.4.1	Magisterprojekte afgehandel	54
7.4.2	Doktorale projekte afgehandel	54
7.5	Vaktydskrifartikels en boeke	54
7.6	Referate: Internasionale vakkongresse	54
7.7	Referate: Nasionale vakkongresse	54
7.8	Kongresse bygewoon (buiten waar referate gelewer is)	55
7.9	Lesings en werkswinkels aangebied (buiten direkte werksopdrag)	55

I. Oorhoofse perspektiewe uit die Direkteur se kantoor

1.1 Inleiding

Soos in die verlede, was 2011 weer 'n baie goeie jaar vir die SSVO, danksy almal se kreatiewe insette, harde werk en die handhawing van die sentrum se drie kernwaardes, visie, missie, doelstellings en funksies (kyk p.16).

Die jaar is verder weer gekenmerk deur puik steun en samewerking van die breë universiteit, insluitend die bestuur en studente, wat natuurlik tot ons sukses bygedra het.

1.2 Vernaamste bestuursaksies en inisiatiewe in 2011 geïmplementeer

1.2.1 Plaaslik (op die kampus)

• Verdere uitbouing van 'n geestesgesonde, doelgerigte en gelukkige personeel

- Weens die drastiese styging in die getal studente wat ons jaarliks sien (\pm 90% die afgelope 12 jaar), sowel as die opvallende toename in die ernstigheidsgraad van aanmeldings, het ons as personeel weer hard daaraan gewerk omveral ons individuele welwees en interpersoonlike verhoudings verder uit te bou. Ons beoog om vroeg volgende jaar ons **metaplan** in dié verband aan die bestuur deur te gee ten einde kreatief en proaktief **self** deurlopend hieraan aandag te gee.

Ons sien onself as 'n "wenspan op koers", en omdat ons amptelike leuse "vennote vir sukses" is, is dit ons oortuiging dat ons moet pleeg wat ons predik (of in die woorde van Ghandi: "We must become the change that we seek in the world!")

- Benewens die beklemtoning van die individuele verantwoordelikheid en eksplisiële aksies om hierdie belangrike saak positief te bestuur, is ons oortuig dat ons **jaarlikse kreatiewe spanbousessies** (waarvoor ons nou reeds op die kampus bekend is) steeds grootliks hier toe bygedra het. Hierdie spanbouaktiwiteite is in 1999 begin en het die volgende behels:

1999:	6-8 Oktober te Goudini Spa
2000:	11-13 Oktober in die Sederberge
2001:	14-16 Maart te Klub Mykonos
2002:	4-7 Junie op die Oranjerivier ("white river rafting")
2003:	18-20 Maart te De Hoop Natuurreservaat
2004:	28-30 April te Citrusdal "The Baths"
2005:	6-8 April te Klaas Voogs Oos – Robertson
2006:	7-9 Junie te Montagu-warmwaterbronne
2007:	20-22 Junie te Waenhuiskrans (Arniston)
2008:	11-13 Junie te Knysna
2009:	10-12 Junie te Lambertsbaai
2010:	11- 12 Maart te Tri Active Events' Lodge in die Elgin-vallei
2011:	24-25 Maart te Goudini Spa (reünie van ons eerste een in 1999!) (sien foto's hieronder)



- Op 21 Maart het ons 'n **spesiale fotoboek** ("SSVO van begin tot 2010"), by 'n ontbyt vir alle huidige en voormalige personeel bekendgestel. Dit is 'n oorsig van die geskiedenis van die sentrum met 'n fotobeeld van personeelfunksies en spanbougeleenthede (sien foto's hieronder).




- Op 3 Junie is 'n **spesiale opleidingsessie oor prestasiebestuur vir alle personeel gereël.**
- Betrokkenheid by die **kernsake en aktuele uitdagings van die dag**

Enkele voorbeelde sluit die volgende in:

- Fokus op **deurlopende informele interne en formele eksterne evaluering van ons dienste**. Soos in die 2004-jaarverslag vermeld, het die sentrum reeds 'n trotse geskiedenis in dié verband (sien die 2004-jaarverslag, p. 1). Hierdie verslag meld dat ook besluit is dat die sentrum nie net elke vyf jaar (soos amptelik voorgeskryf) só 'n objektiewe eksterne evaluering wil deurloop nie, maar dat die sentrum vanaf 2004 jaarliks nasionale en/of internasionale kundiges gaan uitnooi om die sentrum op 'nh meer informele basis te kom evaluateer. Die laaste formele eksterne audit het vanaf 18-20 Maart 2009 plaasgevind, en die paneel het aan die SSVO 'n oorhoofse prestasiepunt van 84% toegeken. Prof Mark Watson van NMMU is weer vanjaar uitgenooi en het ons sentrum op 18 Maart 2011 informeel kom evaluateer. Hy het die vorige prestasiepunt van 84% geverifieer en weereens baie waardevolle insette gelewer waarop ons reeds, via die bestuur, skriftelik geantwoord het.

Onderstaande skematische voorstelling som die deurlopende evaluering van ons dienste kernagtig op:



points 1 and 2 = Does the CSCD provide important services?

points 3 = Are the services of the CSCD delivered in a cost-effective manner?

¹ Botha, HL; Brand, HJ; Cilliers, CD; Davidow, A; de Jager, AC & Smith, D. (2005) The need for and the relevance of student counselling and development services in higher education services in South Africa. South African Journal of Higher Education. 24(1), 48-65.

² Cilliers, CD; Pretorius, K & van der Westhuizen, LR. (2010) A national benchmarking survey of student counselling centres/units in South Africa. South African Journal of Higher Education. 24(1), 48-65.

- Die voortgesette daadwerklike betrokkenheid by pogings om 'n **gesonder leerkultuur en deurvloekoers** op die kampus te help vestig.
Die SSVO werk steeds ekosistemies en onverpoos saam om onder andere ons voorgestelde en goedgekeurde standpunctdokument te operasionaliseer (sien die 2001-jaarverslag).

'n Spesiale ad-hoc navorsingsprojek word in dié verband vir 2012 beplan (sien 7.1: "a systemic and holistic approach...").

Die SSVO het weer spesiale aandag gegee aan studente wat deur die hertoelatingskomitee na hom verwys is.

Die sentrum is lid van die studentewelweesforum, en een van ons personeel dien op die amptelike welweeskomitee vir personeel (sien 5.5.1 en 5.6.1).

- Die SSVO is daadwerklik betrokke by pogings om **basiese menseregte** te erken en 'n **meer verantwoordbare verwelkomingsprogram vir nuwelingstudente** daar te stel.

Die SSVO dien steeds in die verwelkomingsprogramkomitee en die BMW-komitee wat o.a. vir die monitering van die amptelike verwelkomingsprogram verantwoordelik is.

- Die SSVO is deurlopend betrokke by die hantering van gevalle van **alkohol- en middelmisbruik**. Twee van die sentrum se personeellede dien in die amptelike komitees in dié verband.
- Die SSVO is deurlopend betrokkenheid by **studente met spesiale leerbehoeftes** (gestremdhede) via die sentrum se kantoor in dié verband (wat op 19 Maart 2007 amptelik ingewy is).
- Die SSVO is deurlopend betrokke by die bevordering van 'n **waardering vir diversiteit** op die kampus (twee van die sentrum se personeellede dien in die amptelike komitees). Die sentrum se diversiteitsforum bied gereeld werksessies in dié verband aan. Prof Jonathan Jansen was bv. vanjaar (31 Maart 2011) een van ons spesiale gassprekers (ons het oor sy boek "Knowledge in the blood" gesels).
- Op 2 September het die sentrum die universiteit se **loslitdag gewen** en is hiervoor beloon met 'n mikrogolfoond (sien foto's hieronder).



- Die SSVO het die werklike waarde van geskrewe brosjures as doelmatige reklamerings-initiatiewe begin bevraagteken, gevvolglik het ons besluit om ons reclame vanaf 2004 eerder op ander kreatiewe wyses te fokus (onder andere die meer doelmatige benutting van ons tuisblad). Ons **nuwe tuisblad** is gevvolglik in 2011 bekendgestel met baie selfhelp-materiaal en nuttige skakels (www.sun.ac.za/ssvo).
- Soos in die 2005-jaarverslag vermeld, het ons vanaf 1 Januarie 2005 begin met weeklikse elektroniese sessievorms van al ons personeel se aktiwiteite, om te verseker dat die sentrum

se persentasie-werkydsverdeling wel op prioriteit fokus en dus **koste-effektiief** is. Hierdie kreatiewe bestuursinisiatief was inderdaad steeds in 2011 baie sinvol in die sin dat ons deurlopend personeel se werksladings kon monitor en aanpas.

- Die SSVO sit kreatieve maatreëls voort om **buitefondse** te bekom. Opsommenderwys weerspieël die volgende tabel die sentrum se suksesse van die afgelope twaalf jaar in dié verband:

2000	2001	2002	2003	2004	2005
R218,696	R335,871	R186,212	R224,951	R177,825	191,327
2006	2007	2008	2009	2010	2011
269,168	537,740	991,885	983,825	1,144,471	1,456,776

Groottotaal sedert 2000 = R6,718,747

- Die SSVO se **dienste op die Tygerberg-kampus** is verder gevestig om aan die groeiende behoeftes van hierdie studente te voorsien.

In oorleg met hierdie fakulteit is besluit dat die SSVO vanaf 2008 enkele generiese vaardigheidsmodules (as verpligte kredietdraende modules) vir bykans al die eerstejaarstudente sal aanbied. Hierdie proses en produk word tans deeglik nagevors, is by 'n nasionale kongres as 'n referaat op die tafel geplaas en is in 2011 in 'n gewysigde vorm herhaal. 'n Publikasie in 'n geakkrediteerde vaktydskrif word ook vir 2012 beplan.

- Die verdere benutting van **e-leer-tegnologie**. Bykomend tot die vordering op hierdie gebied, waarna reeds in die 2001-jaarverslag verwys is, het die SSVO sedert 2004 aan 'n spesifieke subkomitee die opdrag gegee om te verseker dat ons ook in dié oopsig op die voorpunt sal bly en ontwikkel, ten einde 'n groter getal studente effektiief van diens te kan wees (met inbegrip van afstandsonderrigstudente).

Benewens die bestaande multimediacomputerprogramme, het die SSVO vanjaar die volgende nuwe inisiatiewe geïmplementeer of bestaande projekte verder ontwikkel: mede-betrokkenheid by die reeds genoemde EquipU4-DVD's oor studiemetodes; 'n vraelys vir akademiese en loopbaangereedheid vir eerstejaarstudente (VALE); 'n elektroniese vraelys om impak en dienslewering te meet; 'n elektroniese loopbaanontwikkelingswerkswinkel; 'n elektroniese kliëntekaartstelsel; 'n kliëntedatabase; 'n elektroniese werbingsprogram in samewerking met Graylink en die SharePoint Server (asook 'n e-pos terugvoering-projek).

- Die sentrum se **sakeplan vir 2012** is aangepas en aangevul, en word vanaf 2008 saam met ander bestuursdokumente weer op die SSVO se "share point server"-stelsel gelaaai.
- As deel van bogenoemde sakeplan het ons ook ons **strategiese bestuursaanwysers (SBA's) en gepaardgaande kernprestasie-indikatore (KPI'e)** vir 2010-2012 skriftelik uiteengesit.
- Die SSVO het ook besluit op die tema "Impak en koste-effektiwiteit" as **oorkoepelendenisarea vir die hele sentrum**. Twee artikels in geakkrediteerde vaktydskrifte oor dié onderwerp het reeds in 2006 die lig gesien, 'n plakkaat-aanbieding hieroor het in 2007 by 'n nasionale kongres plaasgevind en 'n hoofstuk vir 'n boek oor studentevoorligting is reeds aanvaar (sien 7.5).
- Die SSVO se bekende en **suksesvolle program vir sielkundiges** om jaarliks die vereiste getal verdere professionele opleidingspunte te verdienen, is steeds nasionaal en internasionaal beskikbaar as 'n elektroniese internetprogram vir die verkryging van 42 VPO-punte per jaar. Dit staan bekend as "Psychology CPD Well", en baie positiewe reaksie word steeds ontvang (sien ook 6.1.1). Vanjaar het ons 'n rekordgetal van 1 382 inskrywings gehad. Volgende jaar vier ons die 10de bestaansjaar van hierdie inisiatief!

- Die SSVO het veral vanaf 1999 'n deurlopende en beduidend proaktiewe rol gespeel om die pandemie van **MIV/VIGS** op ons kampus meewerkend, ekosistemies en doelmatig te hanteer:
Doelmatige voorkomingswerkswinkels is aangebied en in 2011 verder aangepas en voortgesit – sien die sentrum se tuisblad.
Lede van die sentrum het gedien, en dien steeds, op die universiteit se beleidskomitee in dié verband
- In lyn met nasionale en internasionale tendense, is en bly dit steeds die **strewie van die sentrum om nie bloot op terapie en remediëring te fokus nie**. Die twee afdelings van die Sentrum fokus deurlopend ook op die optimalisering van persoonlike ontwikkeling. In 2011 het die SSVO weer twaalf van ons kort kursusse (ontwikkelingswerkswinkels) via die Universiteit as nie-kredietdraende programme geregistreer en die selfhelp-materiaal op ons tuisblad aangepas en uitgebrei.
- Die SSVO was ook steeds die **dryfveer agter 'n nasionale projek om ontwikkelingswerkswinkels op te gradeer**.

1.2.2 Provinssiaal

- Geen

1.2.3 Nasionaal

- Prof Charl Cilliers is aangewys as een van die twee beste “chapter advisors of the year of Golden Key International Honour Society of South Africa”.
- Mnr Louis Vlok dien as die president van die SAACDHE (Southern African Association for Counselling and Development in Higher Education).
- Die SSVO bied weer 'n elektroniese program aan as VPO-verskaffer vir die Beroepsraad vir Sielkunde (“Psychology CPD Well”) – reeds vroeër na verwys.
- Een hoofstuk in 'n boek is reeds aanvaar vir publikasie in 2012 (sien 7.5).
- Die SSVO was vanjaar weer betrokke by nasionale vakkongresse (sien 7.7).

1.2.4 Internasionaal

- Prof Charl Cilliers is aangestel as 'n lid van die “International Council of Advisors of the Golden Key International Honour Society”.
- Dr Handré Brand is lid van die redaksionele komitee van die “McGill Journal of Education”.
- Die SSVO was vanjaar weer betrokke by internasionale kongresse (sien 7.6).

1.3 Evaluering van funksionering in 2011 (en 'n vergelyking van die laaste twaalf jaar: 2000-2011)

- In 2011 het die SSVO 18459 individuele aanmeldings hanteer.
- 2581 studente het in 2011 by groepswerkswinkels en -aktiwiteite ingeskakel.
- 272 individuele hulpverleningssessies is in 2011 deur die 24-uur Krisisdiens hanteer.

Die sentrum se statistiek vir die **afgelope twaalf jaar** word soos volg in tabelvorm weergee:

Kategorie	2000	2001	2002	2003	2004	2005	2006	2007	2008	2009	2010	2011	Totaal
Getal studente aan wie diens gelever is	9608	12465	10174 ¹	11541	11121	10367	8666	9216	12160	13282	16078	18459	143137
Getal studente wat spesifiek by ontwikkelings-werkwinkels ingeskakel het	7275	1239	1194	1583	1057	6496	4988	4978	3610	4285	1035	762	38502
Getal individue wat deur die 24-uurKrisisdienis bygestaan is	68	108	131	189	212	284	202	215	202	125	225	272	2233

¹Die 18,38% afname van 2002 in vergelyking met 2001 is hoofsaaklik a.g.v. die buitebesoek-initiatief in 2001 wat nie in 2002 herhaal is nie.

'n Ontleding van die bogenoemde toon die volgende:

- **Die getal studente** wat in 2011 by die SSVO ingeskakel het, het met 100% toegeneem in vergelyking met 2007 (afgelope 5 jaar), en met 91,9% in vergelyking met 2000 (afgelope 12 jaar). Hierdie toename het veral gegeld ten opsigte van die deelname aan die loopbaanuitstallings (wat 'n nuwe projek van die Loopbanekantoor was).
- Die getal studente wat van die 24-uur Krisisdiens gebruik gemaak het, het met 300% gegroeい in vergelyking met 2000.
- **Die getal bruin, swart en Indiërstudente wat** van die SSVO se dienste gebruik gemaak het, staan tans op 35,42%.
- Die sielkundiges wat die **reeks multidissiplinêre gevallebesprekings** (waarna reeds vroeëer verwys is) bygewoon het, het dit gemiddeld baie hoog geëvalueer:

2000	2001	2002	2003	2004	2005	2006	2007	2008	2009	2010	2011	\bar{X} % oor die afgelope 12 jaar
74,1%	73,78%	75,67%	74,22%	75,85%	79,09%	79,05%	80%	82%	77,65%	76,1%	78,39%	77,16%

- Die **interns se belewing van hul oriënteringsprogram** aan die einde van die vorige jaar was baie positief:

2000	2001	2002	2003	2004	2005	2006	2007	2008	2009	2010	2011	\bar{X} % oor die afgelope 12 jaar
80%	70,5%	81,6%	91,7%	74,9%	86,25%	82,25%	86,4%	82,6%	82,5%	82,5%	- ²	82,6%

- **Bogenoemde se algemene belewing van hul opleiding by die SSVO was baie positief:**

2000	2001	2002	2003	2004	2005	2006	2007	2008	2009	2010	2011	\bar{X} % oor die afgelope 12 jaar
80%	100%	73,16%	84%	85%	86,25%	84,4%	82,5%	81%	87,5%	92,5%	98%	86,19%

- Die personeel het besluit om vanaf 2004 die sentrum nie meer statisties te evalueer nie, maar om eerder een of meer SWOT-analises te doen.
- **'n Samevattende vergelyking** van ander fasette van die statistiek van 2000-2011 toon dat die dienste konstant positief deur ons kliënte (studente) geëvalueer word:

Kategorie	2000	2001	2002	2003	2004	2005	2006	2007	2008	2009	2010	2011	\bar{X} % oor die afgelope 12 jaar
Individuele dienste ³	79%	83%	89%	91,6%	88%	87%	90%	88%	81%	81%	79%	78%	84,6%
Ontwikkelingswerkswinkels	77%	81%	84%	80%	80%	79%	82%	82%	81%	83%	83%	86%	81,5%

² Het nie vir 2011 gegeld nie

³ Verwys slegs na individuele akademiese voorligting en loopbaanontwikkelingsdienste

- Die sentrum se **formele navorsingsbetrokkenheid en -uitsette** is op 'n aanvaarbare vlak, gegewe die primêre doelstellings van die sentrum (kyk p.16):
- Artikels in **geakkrediteerde vaktydskrifte**:

2000	2001	2002	2003	2004	2005	2006	2007	2008	2009	2010	2011	\bar{X} p.j. oor die afgelope 12 jaar
4	5	0	0	1	1	2	1	0	2	1	1	1,50

- Referate by **nasionale vakkongresse**:

2000	2001	2002	2003	2004	2005	2006	2007	2008	2009	2010	2011	\bar{X} p.j. oor die afgelope 12 jaar
5	3	1	6	5	4	5	5	10	8	4	3	4,92

- Referate by **internasionale vakkongresse**:

2000	2001	2002	2003	2004	2005	2006	2007	2008	2009	2010	2011	\bar{X} p.j. oor die afgelope 11 jaar
0	3	2	0	0	2	0	2	2	2	0	2	1,25

- Gedetailleerde inligting** oor die evaluering van die dienste van die SSVO word onder punt 5.1.3 uiteengesit.
- Kwalitatiewe observasies toon verder dat die **sentrum se beeld op die kampus steeds verbeter, en dat daar in die algemeen waardering is vir die werk wat hier gedoen word.**

1.4 Enkele uitdagings en prioriteite vir 2012 (en tot 2014)

Benewens die spesifieke uitdagings en prioriteite wat elke afdeling self geformuleer het (en wat op aanvraag beskikbaar is), soos reeds in die voorwoord vermeld, het die personeel tien generiese fokus- en innovasieprojekte geïdentifiseer (kyk voorwoord).

2. Vision, mission and core values of the CSCD⁴

2.1 Vision

To be a centre focused on student wellness and development, as well as on the creation of hope for all SU students.

2.2 Mission

To provide an autonomous, professional, psychological, development and support service to the SU student community.

2.3 Core values

- Professionalism
- Student-centeredness
- Innovation

3. Objectives and functions of the CSCD

3.1 Objectives

The broad objectives of the centre are to:

- provide a scientifically justifiable psychological service to registered and prospective students that is contemporary, student orientated and dynamic in nature;
- focus on the optimisation of existing potential, counselling (including career development), prevention of problems and provision of psychotherapeutic aid;
- offer training and supervision to intern psychologists in accordance with the directions of the Health Professions Council of South Africa and in agreement with acknowledged scientific standards/strategies;
- act as consultants to university committees and academic staff;
- initiate, carry out and publish relevant research; and
- strive for national and

3.2 Functions

The above-mentioned six broad objectives are put into operation by means of the following nine functions:

- The presentation of development and guidance programmes that will contribute to the optimisation of existing potential and will empower students to be able to tackle contemporary challenges and problems independently.
- Providing information and guidance with regard to effective career development, choice and access.
- Providing information and guidance with regard to academic affairs (e.g. selection of training programme and modules).
- Providing confidential psychotherapeutic support.
- Providing psychological support and guidance, specifically to students with special learning needs (disabilities).
- Providing a confidential, 24-hour crisis service.
- Consultation services for university committees and academic staff.
- Initiation, execution and ultimately publication of research that is related to the main functions of the centre.
- Training and supervision of intern

⁴ Intentionally reviewed and accordingly adapted during a strategic session in 2011

4. Personeel (Samestelling in 2011)

Direkteur
Eerste Sekretaresse
Tydelyke/deeltydse assistent

Prof CD Cilliers
Me HZ Kotzé
Me MM Vlok

4.1 Afdeling vir Akademiese Voorligting en Loopbaanontwikkeling

Direkteur

Dr HJ Brand

Sentrale Ontvangs

Me A Welgemoed
Mnr D Fredericks
Me M Denyssen

Kantoor vir Akademiese Voorligting en Ontwikkeling

Hoof
Opvoekundige Sielkundige
Voorligtingsielkundige
Psigometrikus
Intern Opvoekundige
Sielkundige
Konsultant
Sielkundige
Konsultant
Sielkundige
Administratiewe
Beampte: Hertoelating

Me E Strauss
Me S Wahl
Me M Pienaar
Me C Saunderson

Me C Koch (Januarie tot Junie)

Me M Smuts

Me C Koch

Me K Conradie

Loopbanekantoor

Hoof
Senior Administratiewe Beampte
Sekretaresse
Administratiewe Beampte
Deeltydse Sekretaresse

Mnr M Timmey
Me W Naude
Me A Joubert
Mnr P Malambile
Me S Adams

Kantoor vir Studente met Spesiale Leerbehoeftes (Gestremdhede)

Hoof
Kommunikasiebeampte
Senior Brailleringsbeampte
Brailleringsbeampte
Brailleringsbeampte

Me M Lyner-Cleophas
Me M Willems
Me C Park
Me P Louw
Me A Wileman

4.2 Afdeling vir Terapie en Persoonlike Ontwikkeling

Adjunkdirekteur
Senior Kliniese Sielkundige
Senior Voorligting
Sielkundige
Kliniese Sielkundige
Kliniese Sielkundige
Kliniese Sielkundige Tygerberg
Sekretaresse
Assistent

Me M Parker
Mnr LA Vlok

Me E Kruger
Me C Painter (tot 31 Oktober)
Me A McConney
Me A Nel
Me R Osman
Me K Williams

Konsultant Psigiater	Dr P van der Merwe
Konsultant Psigiater	Dr B Steyn
Konsultant Dieetkundige	Me K Haasbroek
Konsultant Kliniese Sielkundige	Me J Ralph
Konsultant Kliniese Sielkundige	Dr A Grundlingh
Konsultant Kliniese Sielkundige	Me L Batchelor
Konsultant Kliniese Sielkundige	Me W Arnolds
Konsultant Kliniese Sielkundige	Mnr JP Theron
Konsultant Kliniese Sielkundige	Me T du Toit
Konsultant Kliniese Sielkundige	Me N Revington
Konsultant Kliniese Sielkundige	Me F Firfirey
Administratiewe assistent	Me C Jordaan

4.3 Algemene inligting

- Me Connie Park tree af aan die einde van 2011. Haar eerste kleinkind word gebore.
- Mnr Louis Vlok dien as die President van SAACDHE tot September 2011.
- Dr Handré Brand neem 6 maande studieverlof.
- Me Melanie Willems ontvang die graad Magister in Filosofie (MIV/VIGS-bestuur). Haar seuntjie, Thomas Willems, begin graad een by De Kuilen Laerskool.
- Me Christa Koch voltooi haar internskap en slaag haar professionele eksamens by die Beroepsraad vir Sielkunde. Sy begin werk by Paarl Gimnasium as 'n geregistreerde sielkundige.
- Me Amanda Welgemoed en me Annette Joubert se dogters slaag graad 12, beide met verskeie onderskeidings

5. Dienslewering

5.1 Statistiek (vir die periode 2011/01/01 tot 2011/11/30 vir alle fakulteite)

5.1.1 Verspreiding van SSVO-kliëntepopulasie gedurende 2011

5.1.1.1 Individuale aanmeldings per SSVO-aktiwiteit

Beskrywing	Individue N	Individue %
Afdeling vir Akademiese Voorligting en Loopbaanontwikkeling	1775	10%
Afdeling vir Terapie en Persoonlike Ontwikkeling	1337	7%
Groepsterapie	23	0%
Ontwikkelingswerkswinkels	762	4%
Loopbanekantoor (grootgroepaktiwiteite)	1819	10%
Loopbaankantoor (loopbaanuitstallings)	12720	69%
Totaal	18436	

5.1.1.2 Getal sessies bestee per SSVO-aktiwiteit

Beskrywing	Sessies N	Sessies %	Sessies per individu
Afdeling vir Akademiese Voorligting en Loopbaanontwikkeling	6541	58%	3.69
Afdeling vir Terapie en Persoonlike Ontwikkeling	4775	42%	3.55
Totaal	11316		

5.1.1.3 Verspreiding van tipe dienste gelewer deur onderskeie SSVO-afdelings

Afdeling	Diens	N	%
Terapie en Persoonlike Ontwikkeling	Individuele psigoterapie / Individual psychotherapy	593	24%
	Psigometriese evaluering en verslag / Psychometric evaluation and report	0	0%
	Krisisintervensie / Crisis intervention	272	11%
	Welwees-werkswinkel / Wellness workshop	450	18%
	Verwys na hospitaal of rehabiliterasiesentrum / Referred to hospital or rehabilitation centre	0	0%
	Verwys na ander diensverskaffer / Referred to other service provider	13	1%
Akademiese Voorligting en Loopbaanontwikkeling	Modules / Modules	90	4%
	Hertoelatingsaangeleenthede / Reapplication matters	264	11%
	Ekstra skryftyd / Extra writing time	159	6%
	Studie- en denkvaardighede / Study & thinking skills	73	3%
	Akademiese onderprestasie / Academic underachievement	175	7%
	Psigometriese assessering / Psychometric assessment	173	7%
	Akademiese ondersteuning / Academic support	160	6%
	Andersoortige behoeftes / Different needs	78	3%
Totaal		2502	


5.1.1.4 Aanmeldingsprobleme hanteer deur die Afdeling vir Terapie en Persoonlike Ontwikkeling

Probleembeskrywing	Primêre Probleem N	Sekondêre Probleem N	Totaal N	%
Gemoedsversteuring / Mood disorder	250	74	324	12%
Angsversteuring / Anxiety disorder	99	41	140	5%
Aanpassingsversteuring / Adjustment disorder	58	24	82	3%
Eetversteuring / Eating disorder	6	3	9	0%
Middelverwante versteuring / Substance-related disorder	24	10	34	1%
Persoonlikheidsversteuring / Personality disorder	44	51	95	4%
Psigotiese versteuring / Psychotic disorder	3	1	4	0%
Seksuele trauma / Sexual trauma	35	9	44	2%
Ander trauma / Other trauma	80	33	113	4%
Huweliks- en gesinsprobleme / Marital and family problems	80	76	156	6%
Ander verhoudingsprobleme / Other relationship problems	55	78	133	5%
Identiteitsprobleme / Identity problems	12	22	34	1%
Akademiese probleem / Academic problem	43	113	156	6%
Ander versteuring / Other disorder	10	1	11	0%
Ander V-kode / Other V code	47	31	78	3%
Persoonlike ontwikkeling/ Personal development	465	27	492	19%
Geen	13	717	730	28%

5.1.1.5 Verspreiding van kliënte volgens fakulteite*

FAKULTEIT	N	%
Ekonomiese & Bestuurswetenskappe / Economic & Management Sciences	1157	30%
Lettere & Sosiale Wetenskappe / Arts & Social Sciences	872	23%
Ingenieurswetenskappe / Engineering Sciences	272	7%
Natuurwetenskappe / Natural Sciences	520	14%
Regsgeleerdheid / Law	127	3%
Agriwetenskappe / Agri Sciences	91	2%
Teologie / Theology	41	1%
Opvoedkunde / Education	76	2%
Krygskunde / Military Sciences	18	0%
Gesondheidswetenskappe / Health Sciences	392	10%
NVT / NA	274	7%
Ander	8	0%
Totaal	3848	


*Nie bereken vir Loopbanekantoor-grootgroep nie



5.1.1.6 Verspreiding van kliënte volgens jaargroepe*

Jaargroep	N	%
Eerstejaar / First year	1166	30%
Tweedejaar / Second year	739	19%
Derdejaar / Third year	703	18%
Vierdejaar / Fourth year	450	12%
Vyfdejaar en + / Fifth year and +	315	8%
Voornemende student / Prospective student	68	2%
Alumni	11	0%
NVT / NA	158	4%
Ander	146	4%
Nagraads / Postgraduate	74	2%
Totaal	3830	


*Nie bereken vir Loopbanekantoor-grootgroepe nie



5.1.1.7 Verspreiding van kliënte volgens verblyf*

Losies	N	%
Privaat huisvesting / Private accommodation	1852	49%
Universiteitshuisvesting / University accommodation	1481	39%
NVT / NA	241	6%
Pendelstudent / Commuting student	216	6%
Totaal	3790	


*Nie bereken vir Loopbanekantoor-grootgroepe nie



5.1.1.8 Verspreiding van kliënte volgens geslag *

Geslag	N	%
Manlik	1506	39%
Vroulik	2341	61%
Totaal	3847	


* Nie bereken vir Loopbanekantoor-grootgroep nie



5.1.1.9 Verspreiding van kliënte volgens ouderdom*

Ouderdom	N	%
15 en jonger	26	1%
16 - 18	594	16%
19 - 20	1302	36%
21 - 23	1194	33%
Ouer as 23	544	15%
Totaal	3660	


* Nie bereken vir Loopbanekantoor-grootgroep nie



5.1.1.10 Verspreiding van kliënte volgens ras

Rasgroep	N	%
Swart / Black	427	10%
Bruin / Coloured	1046	24%
Indiërs / Indian	73	2%
Wit / White	2764	63%
Ander / Other	55	1%
Totaal	4365	


*Nie bereken vir Loopbanekantoor-grootgroepe nie



5.1.1.11 Verspreiding van kliënte volgens huistaal*


Huistaal	N	%
Afrikaans	2088	54%
Engels / English	1406	37%
isiXhosa	111	3%
Ander amptelike SA-taal/Other official SA language	121	3%
Ander tale / Other languages	118	3%
Totaal	3844	

*Nie bereken vir Loopbanekantoor-grootgroepe nie



5.1.2 Temas van en getalle ten opsigte van ontwikkelings-werkswinkels

Werkwinkel-tema	N	%
CV-skryf	212	28%
Denkvaardighede	26	3%
DVD: Boost your brain	5	1%
Effektiwe tydsbestuur	34	4%
Entrepreneurskap (in samewerking met buite-aanbieders)	10	1%
Gebaretaalklasse	144	19%
Gestremdheid	40	5%
Hantering van stres	3	0%
Hantering van stres tydens toetse en eksamens	26	3%
Kry die meeste uit lesings	43	6%
Onderhouvoering	105	14%
Studievaardighede	112	15%
Verbeter jou selfvertroue en sosiale vaardighede	2	0%
Totaal	762	100%



5.1.3 Kliente se evaluering van dienste


5.1.3.1 Individuale dienste: Afdeling vir Akademiese Voorligting en Loopbaanontwikkeling

5.1.3.1.1 Geheelbeeld

Getal evaluasies	151
Gemiddelde totale prestasiepunt	78%

5.1.3.1.2 Opsomming van evalueringsresultate volgens die Likert-skaal

Vraag	Prestasie punt %
Hulpvaardigheid van personeel	81%
Doeltreffendheid van hantering van versoek	78%
Mate waar toe aan behoeftes voldoen is	76%
Toepaslike verwysings gedoen	76%
Toepaslike inligting voorsien	76%
Tevredenheid met diens	80%



5.1.3.2 Afdeling vir Terapie en Persoonlike Ontwikkeling

5.1.3.2.1 Individuele Psigoterapie terugvoer

Vier-en-dertig studente (n=34) het aan die einde van 2011 gereageer op die uitnodiging om terugvoer te gee aangaande die individuele terapie wat hulle ontvang het.

1. Van watter dienste van die SSVO het jy gebruik gemaak? (Meer as een is moontlik)

- a) 24-uur Krisisdiens 9%
- b) Individuele terapie 94%
- c) Ondersteuningsgroepe en groepterapie 9%
- d) Werkswinkels 3%

2. Hoeveel sessies individuele terapie het jy al hierdie jaar ontvang?

- a) 0 0%
- b) Een sessie 5.8%
- c) 2-6 sessies 64.8%
- d) 7-10 sessies 11.7%
- e) Meer as 10 sessies 17.7%

3. Wat was/is die aard van die probleme waarmee jy hulp kom soek het?

(Meer as een is moontlik)

- a) Neerslagtigheid / depressie 68%
- b) Angstigheid / vrese / stres 65%
- c) Verhoudingsprobleme 23.5%
- d) Traumatische gebeurtenisse 23.5%
- e) Ander 0%

4. Hoe ernstig was/is die probleem(e) wat jy ervaar het?

- | | |
|----------------------------------------------------------|-----|
| a) Baie ernstig, ek moes dringend hulp kry | 15% |
| b) Ernstig, dit het my lewe baie negatief beïnvloed | 38% |
| c) Redelik ernstig, dit het gekeer dat ek gelukkig is | 29% |
| d) Nie te ernstig nie, maar ek wou dit graag oplos | 12% |
| e) Nie ernstig nie en ek wou dit net met iemand bespreek | 3% |

5. Hoe tevredenheid is jy met die diens wat jy by die Afdeling vir Terapie en Persoonlike Ontwikkeling ontvang het?

- | | |
|----------------------|-----|
| a) Baie tevreden | 44% |
| b) Redelik tevreden | 32% |
| c) Neutraal | 9% |
| d) Redelik ontevrede | 9% |
| e) Uiters ontevrede | 9% |

6. Hoe waardevol of nuttig was/is die terapeutiese ervaring vir jou?

- | | |
|-------------------------------------------------------------|-------|
| a) Dit was baie waardevol en het my lewe verander | 29.4% |
| b) In sekere opsigte het dit baie vir my beteken | 61.7% |
| c) Ek voel neutraal oor die waarde wat dit vir my gehad het | 2.9% |
| d) Dit het slegs beperkte waarde gehad | 2.9% |
| e) Dit was 'n mors van tyd | 2.9% |

7. Hoe sal jy jou huidige emosionele toestand beskryf?

- | | |
|-----------------------------------------------------------------------|-------|
| a) Dit gaan baie goed en ek voel ek kan die lewe hanteer | 23.5% |
| b) Ek is tevreden dat dit al beter gaan | 26.4% |
| c) Dit gaan beter, maar daar is nog steeds dinge wat pla | 26.4% |
| d) Dit gaan nie goed nie, maar ek het nog hoop dat dit beter sal gaan | 14.7% |
| e) Dit gaan steeds baie sleg en ek sien nie kans vir die lewe nie | 2.9% |

8. Hoe effektiief was die terapeut in sy/haar dienslewering aan jou?

- | | |
|----------------------------------------------------------|-----|
| a) Hy/sy was/is uitstekend. Ek kon nie vir beter vra nie | 44% |
| b) Hy/sy was/is goed gewees | 47% |
| c) Hy/sy het sy/haar bes probeer | 6% |
| d) Hy/sy was/is nie baie bekwaam in sy/haar werk nie | 3% |
| e) Hy/sy was/is regtig swak | 0% |

9. Beoordeel asseblief die stiptelikheid van die terapeut wat jy die meeste

besoek het.

- | | |
|--------------------------------------------------------------------|-----|
| a) Die terapeut was altyd betyds vir ons afsprake | 79% |
| b) Die terapeut was net by uitsondering laat vir ons afsprake | 15% |
| c) Die terapeut was soms laat vir ons afsprake | 4% |
| d) Die terapeut was gereeld laat vir ons afsprake | 1% |
| e) Die terapeut het my lank laat wag en soms glad nie opgedaag nie | 1% |

10. Ek en my terapeut het saamgestem oor die doelstellings van my terapie

- | | |
|--------------------|-----|
| a) Ja, beslis | 26% |
| b) Ja | 57% |
| c) Neutraal | 13% |
| d) Nee | 4% |
| e) Nee, beslis nie | 0% |

11. My terapeut het my aanvaar soos ek is

- | | |
|--------------------|-----|
| a) Ja, beslis | 46% |
| b) Ja | 42% |
| c) Neutraal | 12% |
| d) Nee | 0% |
| e) Nee, beslis nie | 0% |

12. My terapeut was baie simpatiek en het baie vir my omgegee

a) Ja, beslis	39%
b) Ja	34%
c) Neutraal	17%
d) Nee	10%
e) Nee, beslis nie	0%

13. My terapeut was beskikbaar as ek hom / haar nodig gehad het

a) Ja, beslis	26%
b) Ja	26%
c) Neutraal	48%
d) Nee	0%
e) Nee, beslis nie	0%

14. My terapeut het my gehelp om myself en my probleme beter te verstaan

a) Ja, beslis	48%
b) Ja	26%
c) Neutraal	16%
d) Nee	10%
e) Nee, beslis nie	0%

15. My terapeut het my gehelp om my probleme beter te hanteer

a) Ja, beslis	36%
b) Ja	28%
c) Neutraal	36%
d) Nee	0%
e) Nee, beslis nie	0%

16. Watter bydrae het die terapie tot jou akademiese prestasie gemaak?

a) Die terapie wat ek ontvang het, het 'n baie groot bydrae tot my akademiese vordering gelewer; sonder terapie sou ek waarskynlik nie akademies suksesvol kon wees nie	4.3%
b) Die terapie wat ek ontvang het, het wel 'n groot bydrae tot my akademiese vordering gemaak	48%
c) Die terapie wat ek ontvang het, het slegs 'n klein bydrae tot my akademiese vordering gemaak	43.4%
d) Die terapie wat ek ontvang het, het geen verskil gemaak aan my akademiese vordering nie	4.3%
e) Die terapie wat ek ontvang het, het in werklikheid my akademiese vordering benadeel	0%

17. Beoordeel asseblief die vriendelikheid en bekwaamheid van ons ontvangspersoneel

a) Hulle was altyd vriendelik en baie bekwaam	65%
b) Hulle was meestal vriendelik en bekwaam	35%
c) Hulle was maar redelik neutraal teenoor my	0%
d) Hulle was soms vriendelik en bekwaam	0%
e) Hulle was glad nie vriendelik en bekwaam nie	0%

18. Wat is jou geslag?

a) Vroulik	91%
b) Manlik	9%

19. Wat is jou ouderdom?

a) 17-19	0%
b) 20-22	70%
c) 23-25	20%
d) 25-30	10%
e) Ouer as 30	0%

20. Wat is jou eerste taal?

a) Afrikaans	46%
b) Engels	41.6%
c) Xhosa	8.3%
d) Ander amptelike RSA taal	4.1%
e) Ander tale	0%

21. Wat is jou rassegroep?

a) Swart	8%
b) Bruin	29%
c) Indiërs	4%
d) Wit	59%
e) Ander	0%

22. Hoeveel jaar studeer jy al by Universiteit Stellenbosch?

a) Een jaar	0%
b) Twee jaar	20%
c) Drie jaar	45%
d) Vier jaar	25%
e) Vyf jaar of meer	10%

23. By watter fakulteit studeer jy?

a) Ekonomiese & Bestuurswetenskappe	22%
b) Lettere & Sosiale Wetenskappe	15%
c) Ingenieurswese	15%
d) Natuurwetenskappe	3%
e) Regsgeleerdheid	11%
f) Agriwetenskappe	4%
g) Teologie	0%
h) Opvoedkunde	0%
i) Krygskunde	0%
j) Gesondheidswetenskappe	30%

5.1.3.2.2 Ontwikkelingswerkswinkels

5.1.3.2.2.1 Geheelbeeld

Getal werkswinkels aangebied	57
Getal evalueringsvorms ontvang	748
Gemiddelde prestasiepunt toegeken	86%

Ontwikkelingswerkswinkels & Ondersteuningsgroep

Eerste Semester 2011

Werkwinkel	Datum (laaste sessie)	Aanbieder	Aantal sessies en ure	Aantal studente geregistreer (en betaal)	Aantal studente evalueringsvorms ingevul (laaste sessie bygewoon)	Gem. % Lokaal en registrasieproses	Gem. % Aanbieder en werkwinkel (algemeen)
Akademiese Werkswinkels:							
Kry die meeste uit lesings							
	8/02	Cabriere Jordaan	1 x 1h	17	12	80,2%	87,2%
	29/03	Cabriere Jordaan	1 x 1h	21	17	78,9%	85,5%
Studiemetodes							
	3/03	Cabriere Jordaan	3 x 1h	13	7	85,8%	91%
	3/03	Sindi Wahl	3 x 1h	11	4	77,1%	83,3%
	14/04	Cabriere Jordaan	3 x 1h	16	11	83,3%	85,5%
	14/04	Mariska Pienaar	3 x 1h	6	2	91,7%	85%
Tydsbestuur							
	10/03	Cabriere Jordaan	2 x 1h	19	11	86,3%	90,3%
	21/04	Cabriere Jordaan	2 x 1h	19	10	83,3%	85,5%
Stresbestuur tydens toetse en eksamens							
	17/03	Cabriere Jordaan	2 x 1h	18	11	89,3%	88,2%
	28/04	Cabriere Jordaan	2 x 1h	15	7	78,5%	86,2%
Denkvaardighede							
	10/05	Cabriere Jordaan	2 x 1h	21	15	82,3%	86,2%
	10/05	Elmien Strauss	2 x 1h	9	6	87,5%	89,5%
DVD-vertoning							
	9/05	Elmien Strauss	1 x 2h	20	3	66,7%	75%

KSSL-werkswinkels							
Gebaretaal Klasse							
	7/04	Rachel Fortuin en Ivan Jeptha	1 x 1h	20	10	88,1%	89,5%
	14/04	Rachel Fortuin en Ivan Jeptha	1 x 1h	13	11	79,2%	84,3%
	21/04	Rachel Fortuin en Ivan Jeptha	1 x 1h	11	10	80,8%	91,3%
	5/05	Rachel Fortuin en Ivan Jeptha	1 x 1h	9	6	81,7%	88,7%
	12/05	Rachel Fortuin en Ivan Jeptha	1 x 1h	10	5	81,3%	83,8%
	19/05	Rachel Fortuin en Ivan Jeptha	1 x 1h	8	3	88,8%	91,2%
Disability Awareness							
	24 May	Marcia Lyner-Cleophas en Ntsaki Mashale	1 x 2h 15 min	23	23	81,7%	83,3%
Tygerberg Werkswinkels							
Studiemetodes							
	6 April	Toni Sylvester	1 x 2h	37	37	83,5%	85,7%
Studiemetodes							
	13 April	Toni Sylvester	1 x 2h	36	36	83,3%	86,7%
Totaal				<u>372</u>	<u>257</u>	<u>78,9%</u>	<u>86,5%</u>

Ontwikkelingswerkswinkels & Ondersteuningsgroepes


Tweede Semester 2011

Werkswinkel	Datum (laaste sessie)	Aanbieder	Aantal sessies en ure	Aantal studente geregistreer (en betaal)	Aantal studente evalueringsvorms ingeval (laaste sessie bygewoon)	Gem. % Lokaal en registrasieproses	Gem. % Aanbieder en werkswinkel (algemeen)
Akademiese Werkswinkels (Stellenbosch-kampus):							
Kry die meeste uit lesings							
	26/07	Cabriere Jordaan	1 x 1h	12	11	83,3%	89,3%
	13/09	Cabriere Jordaan	1 x 1h	3	3	97,3%	100%
Studiemetodes							
	18/08	Sindi Wahl en Cabriere Jordaan	3 x 1h	16	11	81,1%	89,7%
	29/09	Cabriere Jordaan	3 x 1h	9	3	86,1%	91,2%
Effektiewe tydsbestuur							
	25/08	Elmien Strauss	2 x 1h	16	9	85,2%	89,7%
	6/10	Cabriere Jordaan	2 x 1h	6	4	89,6%	93,3%
Stresbestuur tydens toetse en eksamens							
	1/09	Cabriere Jordaan	2 x 1h	14	6	87,5%	89,5%
	20/10	Cabriere Jordaan	2 x 1h	4	3	91,7%	86,7%
Denkvaardighede							
	13/10	Cabriere Jordaan	2 x 1h	11	5	93,8%	85,8%
Denkvaardighede (Golden Key)							
	1/10	Prof Charl Cilliers	1 x 3h	12	12	79,2%	88,3%
DVD-vertoning							
	17/10	Cabriere Jordaan	1 x 2h	7	2	95,8%	90%
Interpersoonlike werkswinkels							
Verbeter jou selfvertroue en sosiale vaardighede							
	30/08	Elmarie Kruger	5 x 1,5h	11	2	83,3%	95%

Stresbestuur: Bestuur jou studies en persoonlike lewe beter							
	18/08	Louis Vlok	2 x 1h	6	3	97,3%	95,5%
KSSL- werkswinkels							
Gebaretaalklasse							
	28/07	Rachel Fortuin en Ivan Jeptha	1 x 1h	31	20	85,1%	89,8%
	4/08	Rachel Fortuin en Ivan Jeptha	1 x 1h	26	21	88,5%	94,5%
	11/05	Rachel Fortuin en Ivan Jeptha	1 x 1h	23	22	90,5%	94%
	18/08	Rachel Fortuin en Ivan Jeptha	1 x 1h	23	16	91,8%	96,7%
	25/08	Rachel Fortuin en Ivan Jeptha	1 x 1h	21	17	95%	95,7%
	1/09	Rachel Fortuin en Ivan Jeptha	1 x 1h	25	14	95,3%	97,3%
Gestremdheid: Bewusmaking							
	4/11	Marcia Lyner- Cleophas	1 x 30 min	17	17	81,4%	76,7%
Akademiese Werkswinkels (Tygerberg- kampus):							
Studiemetodes							
	24/08	Christa Koch	3 x 1h	6	1	75%	83,3%
Totaal:				<u>299</u>	<u>202</u>	<u>88%</u>	<u>91%</u>
Ondersteunings- groepe:						Groep %	Fasiliteerder %
Groep 1	18/10	Angelique McConney	Deur- lopend: Tweede semester	/	7	84,2%	87,5%
Groep 2	19/10	Angelique McConney	Deur- lopend: Tweede semester	/	7	83,1%	85,4%

5.1.3.2.2.2 Opsomming van evalueringsresultate volgens die Likert-skaal


Vraag	Prestasie punt (%)
Bruikbaarheid van die inhoud	82%
Kennis van die aanbieder	80%
Voorbereiding van die aanbieder	89%
Aanbiedingstyl van die aanbieder	91%
Kwaliteit van die uitdeelstukke	90%
Kwaliteit van addisionele hulpmiddels	87%



5.1.4 'n Samevattende vergelyking van fasette van die statistiek van 2008 tot 2011


5.1.4.1 Totale getal kliënte deur SSVO gesien

Jaar	Totale getal kliente
2008	8501
2009	13356
2010	16121
2011	18436



5.1.4.2 Vergelyking van die kliëntepopulasie in terme van breë groeperingsdienste gelewer.


Breë groepering	2008	2009	2010	2011
Krisisintervensie	202	125	225	272
Ontwikkelingswerkswinkels	1678	1467	1035	762
Loopbanekantoor (grootgroep)	2029	2818	2731	1819
Loopbanekantoor (loopbaanuitstallings)		5263	8581	12720
Akademiese voorligting en loopbaanontwikkeling	2251	2032	2023	1775
Terapie en persoonlike ontwikkeling	2543	1755	1722	1360



5.1.4.3 Verspreiding van kliente volgens jaargroepe*


Jaargroep	2008	2009	2010	2011
Eerstejaar / First year	2024	1934	1922	1166
Tweedejaar / Second year	1134	917	764	739
Derdejaar / Third year	1223	972	855	703
